

PLANTWAARNEMING (A)



Graad 3

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Van jongs af bewus te maak van plante.
2. Bekend te stel aan die verskeidenheid van plante.
3. Waardering en liefde vir plante te kweek.
4. Die wonder van die skepping te laat beleef.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Minstens vyf inheemse plante van die omgewing kan identifiseer.
2. Kennis maak met blare, sade, blomme en vrugte van minstens 5 plante.
3. Weet van minstens een geval waar die plant van 'n dier afhanklik is vir sy voortbestaan.
4. Suid-Afrika se Nasionale blom uitken en 'n mooi prent van 'n reuse protea inkleur/maak, en weet hoekom dit die nasionale blom is.
5. 'n Mielie- avokadopeer- of 'n boontjiejepit plant en dit versorg.
6. 'n Prent maak van droë plantemateriaal.

C AANBIEDING

Vereiste 5 strek oor 'n langer tydperk wat die groei betref maar die res van hierdie spesialisasie kan in die vereiste tyd afgehandel word.

1. Maak gebruik van plante in eie omgewing, die plante moet verkieslik taamlik verskillend wees om identifisering te vergemaklik. Werklike voorbeelde is die beste, maar kan met foto's of prente aangevul word.
2. Gebruik 'n verskeidenheid van plante soos byvoorbeeld sade in peule, sade in vrugte, sade as deel van 'n blom en saad onder die blaar soos 'n spoor. Goeie voorbereiding is nodig om uself op die hoogte te bring.
3. Skep 'n geleentheid waar die kind die wisselwerking tussen die plant en die dier kan beleef (byvoorbeeld die by en die blom).
4. Dit kan nodig wees dat u die prent/patroon sal verskaf. Die metode wat gebruik gaan word sal van die groep se vermoë afhang. Moontlike metodes is: inkleur, papierplak, lapverf, brandwerk, mosaïek.
5. Dit gaan nie net oor die plant nie maar ook oor die geleentheid vir waarneming van die ontwikkeling van die plant. U belangstelling en gereelde navrae sal die kind aanmoedig om enduit vol te hou. Maak die kind bewus van die wonder van die skepping.
6. Vereiste 6 kan 'n spanpoging of individueel wees. Doen dit op stewige karton of "hardboard".